REKNUUS
Algemene nuusgids van die Departement Rekeningkunde
Volume 9 2005 ISSN 1683-1713

# NUWE DEPARTEMENTELE INISIATIEWE

In die gees van transformasie en die handhawing van kwaliteitonderrig het die Departement Rekeningkunde, die US se grootste departement, die volgende inisiatiewe in 2005 geloods:

• *Keuring vir die BRek-program*
Keuringsprogram met minimum toelatingsvereistes sal met ingang van 2006 ten opsigte van die BRek-program toegepas word. Slegs 500 eerstejaarstudente sal vir die program gekeur word, waarvan 100 (d.w.s. 20%) uit die aangewese groepe sal wees. Hierdie 100 plekke sal eerstens deur leerders wat aan die keuringsvereistes voldoen, gevul word en enige oorblywende plekke sal gevul word gebaseer op meriete. Studente sal as deel van hierdie inisiatief deur 'n intensiewe hulpprogram bygestaan word.

• *Individuele Leer- en Bystandsprogram*
Met ingang 2005 is die Individuele Leer- en Bystandsprogram (ILB) geloods. Die program is daarop gemik om bystand aan voor- en nagraadse leerders te verskaf met spesifieke fokus op studente uit die aangewese groepe. Die uiteindelike doelwit van die ILB is om die deursetkoerse van die BRek-program te verbeter deur studente op 'n individuele basis by te staan. Twee voltydse dosente is aangestel met die spesifieke taak om die ILB te bedryf. Die program sluit weeklikse groepsessies, hersieningslesings en individuele konsultasies in.

• *Navrae aan akademiese klerke*
Bo en behalwe die beskikbaarheid van vakdosente en ILB-dosente, is 'n spesiale navraagfasiliteit ingestel – akademiese klerke wat aan die Departement verbonde is, is beskikbaar om aan alle studente hulp te verleen op 'n individuele basis.

• *Skoolbesoeke*
In die lig van die nuwe keuringsproses en in die strewe na die werwing van kwaliteitstudente is daar benewens die Departement se eie werwingsaksie ook 'n strategiese vennootskap met ouditeursfirmas aangegaan. Die doel van hierdie inisiatief is om 'n bewusmakingsveldtog by skole in en rondom die Wes-Kaap te loods.

Die sukses van al die inisiatiewe sal deurgaans gemonitor word. Daar word byvoorbeeld reeds waargeneem dat daar 'n merkbare toename is in die aantal studente wat navraag doen. Studente wat voorheen vanweë die groot klasse moontlik nie die vrymoedigheid gehad het om dosente te nader nie, word nou spesifiek betrek by hulpprogramme waar hulle van die geleentheid gebruik maak om in kleiner groepe interaktief saam te werk.

## SAAA MINI-CONFERENCE

The Southern African Accounting Association (SAAA) held a mini-conference hosted by Stellenbosch University's Accounting Department on 22 June 2005 (photo below). The conference was attended by delegates from South African tertiary institutions. Prof Willie Boshoff, director at the accounting firm Loubser du Plessis and Extraordinary Professor at Stellenbosch University, was the guest speaker. Seven papers of a high standard were presented. The Juta prize for the best paper was awarded to Prof Steven Firer of the University of the Witwatersrand. The Department is grateful for the support of the main sponsor, the Association of Chartered Certified Accountants (ACCA), and the sponsors PricewaterhouseCoopers and LexisNexis Butterworths. Ms Welma Fourie (Regional Chairperson, SAAA Western Cape) and her team performed outstandingly in hosting this high-profile event. More information on the mini-conference appears on page 8.



## Gerekenariseerde Rekeningkunde-opleiding

*'n Gerekenariseerde rekeningkundige sagtewarepakket, Pastel, word in die Finansiële Rekeningkunde 288-module gebruik om rekeningkundige begrippe prakties te illustreer. Daar word beplan om dit ook na die 389-module uit te brei.*

Rekeningkundige stelsels wat met die hand te boek gestel is, het 15 jaar gelede reeds in onbruik verval en is met gerekenariseerde rekeningkundige stelsels en pakkette vervang. Hoewel dit belangrik is om rekeningkunde eerstens konseptueel-teoreties te bestudeer, is die toepassing van hierdie teoretiese begrippe in 'n gerekenariseerde omgewing van groot belang. Hierdie toepassing word tans nie ten volle aan die US gedoen nie. Verder ondervind afgestudeerde BComm-studente wat die arbeidsmark wil betree, hulself toenemend in sterk kompetisie met ander kandidate om beskikbare poste. Werkgewers stel streng vereistes vir indiensneming. Hierdie vereistes sluit gewoonlik kennis van 'n gerekenariseerde rekeningkundige pakket in, aangesien werkgewers nie noodwendig ekstra hulpbronne vir uitgebreide indiensopleiding het nie.

Studente kan meer bemarkbaar wees indien hulle nie slegs weet hoe 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel werk nie, maar ook die toepassing daarvan gedurende hul studie van rekeningkunde bemeester het.

In die lig hiervan het mnr Stiaan Lamprecht fondse van die US ontvang om met behulp van die ander Finansiële Rekeningkunde 288-dosente, mee Welma Fourie, Charné Wessels en Sonja Cilliers (wie se rol onlangs deur me Michelle de Bruyn oorgeneem is) 'n projek te ontwerp. Prof Leon Loxton tree in 'n raadgewende hoedanigheid op. Die projek word oor 'n tweejaar-periode geïmplementeer, en kan aan die studente van die US 'n kompeterende voordeel gee. Die eerste jaar van implementering is 2005. Die projek is in ooreenstemming met die US se visie van "die lewering van afgestudeerdes wat gesog is op grond van hul *afgerondheid* (eie kursief) en hul kreatiewe, kritiese denke".

Die uitgangspunte van die projek is drieledig:

1. Die aanbieding van rekeningkunde binne 'n volledige raamwerk stel studente in staat om die begrippe beter te verstaan en toe te pas.
2. Die integrasie van ander dissiplines in rekeningkunde word beter toegelig en verstaan.
3. Die studente word vaardig in die gebruik van 'n gerekenariseerde rekeningkundige pakket, wat hul bemarkbaarheid verhoog.

In die bereiking van bogenoemde is daar gebruik gemaak van 'n maatskappy-gevallestudie waarvan die rekeningkundige transaksies van die verskillende rekeningkunde-onderwerpe gedurende die jaar gelyktydig op Pastel verwerk word. Die maatskappy-gevallestudie word in die tweede jaar van studie begin en in die derde jaar voortgesit. Sover vasgestel kon word, word hierdie benadering nog nie by ander Suid-Afrikaanse universiteite gevolg nie.

**✉ Hou *Reknuus* asb. op hoogte van enige verandering in u posadres deur 'n boodskap na sroos@sun.ac.za te stuur, of skakel (021) 808-3085.**


# Sewe van die bestes!



**Ons uitslae in die Raadseksamen getuig van die uitnemendheid van die mense wat vir ons werk.**

**2005 Deel I:**
**Sewe** uit die Top 10 wat die onlangse eksamen geslaag het, werk by PricewaterhouseCoopers. Ons algehele slaagsyfer in die firma is 56% en 70% in die Wes-Kaap (SAICA Nasionaal: 45%).

Ons is besonder trots op **Lize Roelofse** (foto) wat 'n algehele **negende** posisie behaal het. Lize is 'n oud-student van die Departement Rekeningkunde en werk tans by ons Stellenbosch-kantoor.

www.pwc.com/za

PRICEWATERHOUSECOOPERS

© 2005 PricewaterhouseCoopers Inc. All rights reserved. PricewaterhouseCoopers refers to the network of member firms of PricewaterhouseCoopers International Limited, each of which is a separate and independent legal entity.

## Gerekenariseerde Rekeningkunde-opleiding

*'n Gerekenariseerde rekeningkundige sagtewarepakket, Pastel, word in die Finansiële Rekeningkunde 288-module gebruik om rekeningkundige begrippe prakties te illustreer. Daar word beplan om dit ook na die 389-module uit te brei.*

Rekeningkundige stelsels wat met die hand te boek gestel is, het 15 jaar gelede reeds in onbruik verval en is met gerekenariseerde rekeningkundige stelsels en pakkette vervang. Hoewel dit belangrik is om rekeningkunde eerstens konseptueel-teoreties te bestudeer, is die toepassing van hierdie teoretiese begrippe in 'n gerekenariseerde omgewing van groot belang. Hierdie toepassing word tans nie ten volle aan die US gedoen nie. Verder ondervind afgestudeerde BComm-studente wat die arbeidsmark wil betree, hulself toenemend in sterk kompetisie met ander kandidate om beskikbare poste. Werkgewers stel streng vereistes vir indiensneming. Hierdie vereistes sluit gewoonlik kennis van 'n gerekenariseerde rekeningkundige pakket in, aangesien werkgewers nie noodwendig ekstra hulpbronne vir uitgebreide indiensopleiding het nie.

Studente kan meer bemarkbaar wees indien hulle nie slegs weet hoe 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel werk nie, maar ook die toepassing daarvan gedurende hul studie van rekeningkunde bemeester het.

In die lig hiervan het mnr Stiaan Lamprecht fondse van die US ontvang om met behulp van die ander Finansiële Rekeningkunde 288-dosente, mee Welma Fourie, Charné Wessels en Sonja Cilliers (wie se rol onlangs deur me Michelle de Bruyn oorgeneem is) 'n projek te ontwerp. Prof Leon Loxton tree in 'n raadgewende hoedanigheid op. Die projek word oor 'n tweejaar-periode geïmplementeer, en kan aan die studente van die US 'n kompeterende voordeel gee. Die eerste jaar van implementering is 2005. Die projek is in ooreenstemming met die US se visie van "die lewering van afgestudeerdes wat gesog is op grond van hul *afgerondheid* (eie kursief) en hul kreatiewe, kritiese denke".

Die uitgangspunte van die projek is drieledig:

1. Die aanbieding van rekeningkunde binne 'n volledige raamwerk stel studente in staat om die begrippe beter te verstaan en toe te pas.
2. Die integrasie van ander dissiplines in rekeningkunde word beter toegelig en verstaan.
3. Die studente word vaardig in die gebruik van 'n gerekenariseerde rekeningkundige pakket, wat hul bemarkbaarheid verhoog.

In die bereiking van bogenoemde is daar gebruik gemaak van 'n maatskappy-gevallestudie waarvan die rekeningkundige transaksies van die verskillende rekeningkunde-onderwerpe gedurende die jaar gelyktydig op Pastel verwerk word. Die maatskappy-gevallestudie word in die tweede jaar van studie begin en in die derde jaar voortgesit. Sover vasgestel kon word, word hierdie benadering nog nie by ander Suid-Afrikaanse universiteite gevolg nie.

---

✉ **Hou *Reknuus* asb. op hoogte van enige verandering in u posadres deur 'n boodskap na sroos@sun.ac.za te stuur, of skakel (021) 808-3085.**


# Sewe van die bestes!



**Ons uitslae in die Raadseksamen getuig van die uitnemendheid van die mense wat vir ons werk.**

**2005 Deel I:**
**Sewe** uit die Top 10 wat die onlangse eksamen geslaag het, werk by PricewaterhouseCoopers. Ons algehele slaagsyfer in die firma is 56% en 70% in die Wes-Kaap (SAICA Nasionaal: 45%).

Ons is besonder trots op **Lize Roelofse** (foto) wat 'n algehele **negende** posisie behaal het. Lize is 'n oud-student van die Departement Rekeningkunde en werk tans by ons Stellenbosch-kantoor.

www.pwc.com/za

PRICEWATERHOUSECOOPERS

© 2005 PricewaterhouseCoopers Inc. All rights reserved. PricewaterhouseCoopers refers to the network of member firms of PricewaterhouseCoopers International Limited, each of which is a separate and independent legal entity.

This page is sponsored by

Deloitte.

# PRYSUITDELING 2005

*Die prysuitdeling ten opsigte van studenteprestasies in 2004 het op 12 Mei 2005 in Die Stal by Coetzenburg plaasgevind. Die funksie is soos gewoonlik deur KPMG geborg.*

| INSTANSIE EN TOEKENNING | OORHANDIG DEUR | PRYSWENNER |
|---|---|---|
| **ASSOCIATION OF CHARTERED CERTIFIED ACCOUNTANTS (ACCA)** | Mnr Gerard Paris | |
| Beste tweedejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Karen van Jaarsveld |
| Beste derdejaarstudent in BComm(Finansiële Rekeningkunde) | | Mnr Michael de Vries |
| Beste student in HonsBComm(Finansiële Rekeningkunde)(ACCA) | | Me Madeleen Snyders |
| **BGR OUDITEURE** | Mnr Johan Jacobs | |
| Twee pryse toegeken aan NDR-studente wat die beste vordering toon | | Me Shené Volschenk<br>Mnr Erik Engelbrecht |
| **BUTTERWORTHS** | Me Syntyche de Waal | |
| Twee boekpryse aan verdienstelike BRek-studente | | Mnr Milliad Awkes<br>Me Hayley Africa |
| **INSTITUUT VAN KOMMERSIËLE EN FINANSIËLE REKENMEESTERS VAN SUIDER-AFRIKA (CFA)** | Mnr Gordon Webb | |
| Beste eerstejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr Morné Loubser |
| Beste derdejaar BComm(Kommersiële Rekeningkunde)-student | | Mnr Michael de Vries |
| Beste derdejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Marilise Kruger |
| **CHARTERED INSTITUTE OF MANAGEMENT ACCOUNTANTS (CIMA)** | Mnr Francois Söhnge | |
| Beste HonsBComm(Bestuursrekeningkunde)-student | | Me Benita Human |
| **DELOITTE** | Mnr Michael van Wyk | |
| Beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me Birte Schneider |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me Christine Lindenberg |
| **ERNST & YOUNG** | Me Marise Delport | |
| Beste vordering in Finansiële Rekeningkunde II deur 'n BRek-student | | Me Gabré Calitz |
| **GREENWOODS** | Mnr Andrew Nardone | |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Mareli la Grange |
| **KPMG** | Mnr Edward Belstead | |
| Beste eerstejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr Ruan Greeff |
| Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Lee-Anne du Plessis |
| Phumzile Njomose Gedenkprys | | Me Patricia Solemans |
| **LOUBSER DU PLESSIS** | Mnr Francois Geldenhuys | |
| Naasbeste HonsBRek-student | | Me Willemien Saunders |
| Beste eerstejaar BRek-student | | Mnr Ruan Greeff |
| **PASTEL SOFTWARE** | Mnr Russel Perry | |
| Beste student in Inligtingstelsels | | Me Illana Hall |

This page is sponsored by

Deloitte.

# PRYSUITDELING 2005

*Die prysuitdeling ten opsigte van studenteprestasies in 2004 het op 12 Mei 2005 in Die Stal by Coetzenburg plaasgevind. Die funksie is soos gewoonlik deur KPMG geborg.*

| INSTANSIE EN TOEKENNING | OORHANDIG DEUR | PRYSWENNER |
|---|---|---|
| **ASSOCIATION OF CHARTERED CERTIFIED ACCOUNTANTS (ACCA)** | Mnr Gerard Paris | |
| Beste tweedejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Karen van Jaarsveld |
| Beste derdejaarstudent in BComm(Finansiële Rekeningkunde) | | Mnr Michael de Vries |
| Beste student in HonsBComm(Finansiële Rekeningkunde)(ACCA) | | Me Madeleen Snyders |
| **BGR OUDITEURE** | Mnr Johan Jacobs | |
| Twee pryse toegeken aan NDR-studente wat die beste vordering toon | | Me Shené Volschenk<br>Mnr Erik Engelbrecht |
| **BUTTERWORTHS** | Me Syntyche de Waal | |
| Twee boekpryse aan verdienstelike BRek-studente | | Mnr Milliad Awkes<br>Me Hayley Africa |
| **INSTITUUT VAN KOMMERSIËLE EN FINANSIËLE REKENMEESTERS VAN SUIDER-AFRIKA (CFA)** | Mnr Gordon Webb | |
| Beste eerstejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr Morné Loubser |
| Beste derdejaar BComm(Kommersiële Rekeningkunde)-student | | Mnr Michael de Vries |
| Beste derdejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Marilise Kruger |
| **CHARTERED INSTITUTE OF MANAGEMENT ACCOUNTANTS (CIMA)** | Mnr Francois Söhnge | |
| Beste HonsBComm(Bestuursrekeningkunde)-student | | Me Benita Human |
| **DELOITTE** | Mnr Michael van Wyk | |
| Beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me Birte Schneider |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me Christine Lindenberg |
| **ERNST & YOUNG** | Me Marise Delport | |
| Beste vordering in Finansiële Rekeningkunde II deur 'n BRek-student | | Me Gabré Calitz |
| **GREENWOODS** | Mnr Andrew Nardone | |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Mareli la Grange |
| **KPMG** | Mnr Edward Belstead | |
| Beste eerstejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr Ruan Greeff |
| Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me Lee-Anne du Plessis |
| Phumzile Njomose Gedenkprys | | Me Patricia Solemans |
| **LOUBSER DU PLESSIS** | Mnr Francois Geldenhuys | |
| Naasbeste HonsBRek-student | | Me Willemien Saunders |
| Beste eerstejaar BRek-student | | Mnr Ruan Greeff |
| **PASTEL SOFTWARE** | Mnr Russel Perry | |
| Beste student in Inligtingstelsels | | Me Illana Hall |

Hierdie bladsy is geborg deur

SDK
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Chartered Accountants (S.A.)
JEA Engelbrecht
DJ Smit

Kerkstraat 228 Church Street
DURBANVILLE • 7550
Posbus / P.O. Box 1304
DURBANVILLE • 7551

Tel: +27 21 970 4600
Faks / Fax: +27 21 975 6780
E-Pos / E-Mail: info@sdkca.co.za

| INSTANSIE EN TOEKENNING | OORHANDIG DEUR | PRYSWENNER |
|---|---|---|
| **PRICEWATERHOUSECOOPERS (PwC)**<br>Beste tweedejaar BRek-student in Ouditkunde<br>Beste derdejaar BRek-student in Ouditkunde<br>Naasbeste derdejaar BRek-student<br>Beste derdejaar BRek-student<br>Beste HonsBRek-student | Mnr Danie Fölscher | Me Birte Schneider<br>Mnr Warren Botha<br>Me Christine Lindenberg<br>Mnr Warren Botha<br>Me Lee-Ann du Plessis |
| **RADEMEYER WESSON**<br>Beste derdejaar BRek-student in Rekeningkundige vakke | Mnr Marius Strydom | Mnr Warren Botha |
| **ROUX VAN DER POEL (Toegeken deur PwC)**<br>Merietebeurse aan HonsBRek-studente | Mnr Danie Fölscher | Me Johanet Heyman<br>Mnr Jan-Sarel Kruger<br>Me Annemarie Nel<br>Me Zelda Nel |
| **SANLAM**<br>Beste derdejaar BComm-student in Rekeningkundige vakke<br>Beste tweedejaar BRek-student<br>Beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | Mnr Johan Bester | Me Hanli de Witt<br>Me Birte Schneider<br>Me Birte Schneider |
| **DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SAIGR)**<br>Beste HonsBRek-student in Belasting<br>Beste HonsBRek-student in Ouditkunde<br>Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde<br>Beste HonsBRek-student in Bestuursrekeningkunde | Mnr Carl Smith | Me Lee-Ann du Plessis<br>Me Marilise van Eeden<br>Me Lee-Ann du Plessis<br>Me Lize Roelofse |



*Die foto links is van borge van pryse en personeel van die Departement geneem by die jaarlikse prysuitdelingsfunksie.*

Foto: Colin Elliott

## Oud BRek-student wen kanseliersmedalje

Mnr Gideon du Rand, oudstudent van die Departement, het die US se kanseliersmedalje in 2004 verower. Hy het voorgraads die BRek-program gevolg en daarná die graad HonsBComm(Ekonomie) verwerf. Sy gemiddelde persentasie oor vier studiejare was 85.2%.

## WebCT Vista en E-Leer: Die pad vorentoe

Finansiele Rekeningkunde 288 is einde 2004 uitgenooi om as een van slegs agt modules binne die US, en die enigste binne die EBW-fakulteit, in 2005 die nuwe WebCT-platform (genoem Vista) te gebruik. WebCT in die VSA het in November 2004 'n persoon na die US gestuur om die nodige opleiding te verskaf. Mnr Stiaan Lamprecht het as Finansiële Rekeningkunde 288 se verteenwoordiger aan die opleiding deelgeneem. 'n WebCT Vista mini-konferensie is op 1 Junie 2005 gehou waar me Welma Fourie en mnr Lamprecht terugvoer gegee het rakende hul ervarings oor WebCT Vista se gebruik in die algemeen en die assesseringsmodule in die besonder, asook die gebruik van WebCT Vista vir die argivering van dokumente wat tydens kontaksessies deur verskeie dosente gebruik word.

Verder is mnr Lamprecht deur die US se Sentrum vir Onderrig en Leer genooi as paneellid tydens 'n Onderrigdag wat op 31 Mei 2005 in die Stellenbosch Lodge gehou is. Die paneelbespreking het gehandel oor "Using assessments strategically to change the way students learn – a bag of tricks". Mnr Lamprecht het tydens die paneelbespreking die gebruik van meerkeusevrae ("multiple choice questions") in rekeningkunde bespreek.

 ISSN 1683-1713

# NUWE PERSONEEL



Me Marlè Olivier het in April 2005 by die US aangesluit en is by die vak Finansiële Rekeningkunde betrokke. Sy was voorheen by Shoprite Checkers werksaam. Marlè het die graad HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) in 2004 aan die US behaal, en het reeds al die CIMA-eksamens voltooi.



Mnr Len Steenkamp het die graad MRek aan die US behaal en is 'n GR(SA). Hy het sy klerkskap by die rekenmeestersfirma PwC voltooi, waarná hy twee jaar as assistent-bestuurder by PwC se kantoor in Manchester, Engeland, gewerk het. Len doseer sedert Oktober 2004 Inligtingstelsels.



Me Sonja Cilliers doseer Finansiële Rekeningkunde 288 en 379. Sy het voorheen in Kaapstad en New York as bestuurder by die rekenmeestersfirma Deloitte gewerk en is 'n GR(SA). Sonja se BComm(Regte) LLB is aan die US verwerf en haar BCompt(Hons) aan UNISA.



Me Donnagene Damens doseer Finansiële Rekeningkunde 188 en Inligtingstelsels 188. Sy het haar HonsBComm(Finansiële Rekeningkunde) aan die US voltooi. Donnagene was voorheen by Ou Mutual werksaam, en studeer en werk tans om die ACCA-kwalifikasie te behaal.



Mnr Riaan Rudman het in 2005 by die Departement aan die ILB (sien voorblad) begin werk. Hy is 'n GR(SA) en het 'n MBusSc van die Universiteit van Kaapstad (UK). Riaan het Deloitte as assistent-bestuurder verlaat en was 'n dosent by die UK voordat hy by die US aangesluit het.



Me Sybil Smit is ook vanaf Februarie 2005 by die ILB betrokke. Sy het as GR(SA) gekwalifiseer nadat sy die graad HonsBComm aan RAU (nou Universiteit van Johannesburg) verwerf het. Sybil is 'n oud-KPMG klerk wat ook voorheen by BHP Billiton en SCAS gewerk het.



Me Eloise de Jager het in Februarie 2005 vanaf die rekenmeestersfirma Ernst & Young se Kaapstad-kantoor by die US aangesluit. Sy is 'n GR(SA) en het haar tersiêre kwalifikasies aan die US en UNISA behaal. Eloise doseer Finansiële Rekeningkunde 178.



Me Sonia Kroukamp doseer Inligtingstelsels sedert sy in Februarie 2005 by die Departement aangesluit het. Sy het in 2004 haar HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde) aan die US voltooi, en studeer en werk tans om die ACCA-kwalifikasie te behaal.



Mnr Carel Fourie het by die rekenmeestersfirmas PwC (Windhoek-kantoor) en Pieter Aucamp Ingelyf (Somerset-Wes-kantoor) gewerk. Hy het in Julie 2005 by die Departement aangesluit en doseer Ouditkunde 288 en Finansiële Rekeningkunde 379. Carel het die graad BRekHons aan die US voltooi en is 'n GR(SA).



Me Michelle de Bruyn het in Augustus 2005 as dosent in Finansiële Rekeningkunde 288 by die Departement aangesluit. Sy is 'n GR(SA) en is ook as CFP™ (Certified Financial Planner) gekwalifiseer. Michelle het voorheen by PwC, Ou Mutual en Moonstone Infomation Refinery gewerk.




Die Departement het in 2005 weer drie akademiese klerke. Hulle is (van links na regs) me Lee-Ann du Plessis, mnr Elron Haughton en me Adri Loubser. Al drie het verlede jaar hulle nagraadse kwalifikasie aan die US behaal, en het hierdie jaar deel een van die kwalifiserende eksamen geslaag. Ná een jaar van akademiese klerkskap sal hulle volgende jaar in die privaatpraktyk hulle klerkskap voortsit.

## Personeellede verlaat diens

Drie personeellede het aan die einde van 2004 die diens van die Departement verlaat, en nog twee gedurende die eerste helfte van 2005.

Me Hanchen Booysen, 'n welbekende senior lektor wat veral Inligtingstelsels doseer het, het aan die einde van 2004 afgetree. Die Departement het 'n middagete by Neethlingshof gehou waartydens daar van haar ná 10 jaar se diens afskeid geneem is. Sy is veral bedank vir die entoesiasme en toewyding waarmee sy haar werk benader het, en waarmee sy haar kollegas en studente deurgaans geïnspireer het.



Mnr Robert de Jongh het einde 2004 die diens van die US verlaat. Hy het aanvanklik ná sy honneursjaar vir 'n jaar lank as akademiese klerk by die Departement aangesluit, en het by voltooiing van sy klerkskap in 2003 teruggekeer as dosent.

Me Carol Dale Kuys was twee jaar lank by die Departement werksaam en het Inligtingstelsels gedoseer. Sy het einde 2004 'n ander betrekking aanvaar ten einde bykomende praktiese ondervinding op te doen in ooreenstemming met die lidmaatskapvereistes van die Chartered Institute of Management Accountants.

Me Louise du Pisanie het met ingang van April 2005 'n ander betrekking aanvaar. Sy het in 2001 by die Departement aangesluit en het Finansiële Rekeningkunde en Inligtingstelsels gedoseer. Sedert 2004 was sy ook as Rekeningkunde-dosent by the US se Scimatus-program vir voorheen benadeelde voornemende studente betrokke – 'n program wat sy baie geniet het en wat uitstekende resultate vir haar studente opgelewer het.

Me Anna-Retha van der Merwe het met ingang van Julie 2005 'n pos by 'n rekenmeestersfirma in Windhoek aanvaar. Sy het in 2003 by die Departement begin werk en het in Finansiële Rekeningkunde gespesialiseer. Daar word in die navorsing-afdeling van hierdie nuusblad oor haar onlangse publikasie berig.

*Foto links: Me Hanchen Booysen (middel) tydens haar afskeidsgeselligheid afgeneem by me Carol Dale Kuys (links) en mnr Robert de Jongh (regs).*

***Wil uself of iemand wat u ken toekomstige kopieë van* Reknuus *in die pos ontvang? Stuur asseblief u naam en adres na sroos@sun.ac.za of skakel (021) 808-3085.***
***'n Elektroniese kopie van* Reknuus *is op die Departement se webwerf beskikbaar: www.sun.ac.za/accounting***

Die redaksie van *Reknuus* bedank die volgende instansies en persone vir hulle bydrae tot hierdie uitgawe: die Chartered Institute of Management Accountants, PricewaterhouseCoopers, Rademeyer Wesson, Loubser du Plessis, Butterworths, Deloitte, SDK, en Moore Stephens VDA wat die publikasie moontlik gemaak het deur middel van borgskappe; me Annelise Durand, me Celeste Links, me Aletta Slabbert en me Janice Vrijburg word bedank vir inligting en administratiewe bystand; me Suritha Botha, mnre Mike Berry en Norman Dunn van die US Drukkery vir grafiese uitleg en drukwerk; mnr Colin Elliott vir die prysuitdelingfoto; me Joan Weyers vir proeflees; proff JA Matthee en Flippie Wessels, mnre Stiaan Lamprecht en Riaan Rudman, en me Sybil Smit vir bydraes en inligting; alle personeellede wat inligting oor hulle navorsing verskaf het; en prof Pierre Olivier in sy hoedanigheid as Departementele Voorsitter. Die redaksielede is mee Shelley-Anne Roos, Welma Fourie, Lydia Uys, Sonja Cilliers en Annali Maass. Enige kommentaar kan aan sroos@sun.ac.za gestuur word.

***Instansies wat belang stel om by borgskap van die publikasie betrokke te raak, kan Annali Maass kontak by apaint@sun.ac.za of (021) 808-3429.***

RADEMEYER WESSON
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) • Chartered Accountants (SA)



TOPPRESTEERDERS

Ons maak hiermee bekend ons leerlingrekenmeesters se uitstekende uitslae in die afgelope kwalifiserende eksamen van Geoktrooieerde Rekenmeesters (Deel 1). Ons firma het 'n 100% slaagsyfer behaal vergelykend met die landswye gemiddelde slaagsyfer van 45%. Hulle is v.l.n.r. Rudolf Weder, Christiaan Rabie, Mariska Groenewald, Richard Perks, Louhan Koch, Marisa Muller, Rudi Schloms, David van Niekerk en Wilmari Swanepoel.

Tel: (021) 914-8880 Faks: (021) 914-8881 E-pos: info@radwes.co.za

# NAVORSING DEUR PERSONEEL



**Prof Flippie Wessels** wrote an article that was published in the accredited journal *Meditari*, in volume 13(1). The article is entitled "Critical information and communication technology (ICT) skills for professional accountants".

Information technology can be seen as one of the key drivers in a changing business environment as it is integrated into almost all aspects of business. All the research investigating the skills and abilities that a professional accountant will need in future emphasises the importance of understanding and being competent in the use of information technology. Whether professional accountants function as financial managers within a specific organisation, act as independent evaluators of an organisation, financial information and systems, or act as consultants advising organisations, they will have to interact with and be knowledgeable about information technology to enable them to perform their jobs competently.

The purpose of the article was to identify which information and communication technology (ICT) skills are critical for professional accountants who wish to be competent in the current and future working environment. A literature review was conducted of research by various professional accountancy bodies and other stakeholders to determine

- the competence that future professional accountants will need; and
- the impact of the changing environment on the curricula set by professional accounting bodies.

The conclusion to Prof Wessels' article gives a description of the ICT skills required by professional accountants in order for them to be competent in today's work environment.



**Mr Ben-Louis Ludik co-presented a paper at the SAAA mini-conference (see below). In 2005 he** was also awarded the degrees BPhil(Logistical Management) and MAcc (Computer Auditing) by the SU. The research that he undertook for his masters degree is entitled "Control issues surrounding wireless networks".

The emergence of wireless local area networks, as an alternative to wired networks, introduced many exciting prospects and possibilities but also numerous concerns. Because of this management, auditors and information systems auditors need to manage the control risk in a wireless environment. The purpose of the study is to assess the increased risk of wireless communication in a local area network. By examining the risks together with the standards governing those risks, the auditor will investigate how organisations in South Africa can comply with the King II report on risk management using COBIT as best practice reference


## The Global Financial Reporting Toolkit




**International GAAP® 2005**
Ernst & Young's acclaimed guide to applying IFRS™ in practice

**IFRS®/ US GAAP Comparison**
The only detailed topic-by-topic comparison between IFRS™ and US GAAP

**Coming in January 2006**
**The New Official IFRS Bound Volume 2005**
The official version of the IASB's own standards and pronouncements

**For more information or to order now, call 0800 004493**

LexisNexis®
Butterworths
ADE061/05


## 2005 SAAA MINI-CONFERENCE

As reported on the front page, Prof Willie Boshoff opened the 2005 conference at Stellenbosch. He discussed the old vs. the new traditions in accounting by illustrating how the focus was shifting from a primarily income statement approach on sustainable performance and annual profitability, to a simultaneous disclosure approach. Thereafter the first session consisted of a compliance analysis of IAS 12 and IAS 14 (Ms Heidi Smith); an introduction to a new menace in the fast-paced Internet realm called "phishing" (Ms Rika Butler); and a discussion around the role of the actuary in the audit of South African long-term insurers (Prof Pieter von Wielligh). The second session commenced with valuable tips for the end-user of MS Windows (Mssrs Ben-Louis Ludik & Len Steenkamp); followed by an argument for using cash-basis financial reporting in limited purpose financial statements (Mr Willem Lotter); an analysis of the external audit fee in South Africa (Prof Steven Firer); and finally an insight into the IT environment facing the professional accountant today (Prof Flippie Wessels).



**Me Wilna Steyn Bruwer** was sedert die vorige uitgawe van *Reknuus* by die skryf van drie geakkrediteerde artikels betrokke en het 'n referaat op 'n kongres gelewer.

Die eerste artikel, saam met prof WD Hamman van die US Bestuurskool geskryf, is getiteld "Cash flow patterns of listed RSA industrial companies" en is in volume 12 van *Meditari* geplaas. Die tweede artikel, wat sy saam met prof Hamman en N van Aswegen geskryf het, het in volume 36(2) van die *South African Journal of Business Management* verskyn. Dié artikel se titel is "Trends in the distribution of added value of listed industrial companies".

By die kongres van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes in September 2004 het sy saam met prof Hamman 'n referaat wat gehandel het oor "Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite en wins: patrone en afleidings uit die verwantskap" gelewer.

'n Verdere artikel van me Steyn en prof Hamman is getiteld "Are historic growth patterns an indication of future growth patterns?" en verskyn in volume 19(1) van die *South African Journal of Accounting Research*.

In dié artikel word 'n ondersoek gedoen na die groeikoerse wat in Suid-Afrika onder genoteerde industriële maatskappye gedurende die tydperk 1974 tot 2002 geheers het. Die doel is om vas te stel of 'n maatskappy wat teen 'n hoë koers groei, geneig is om daarmee vol te hou en om te bepaal of, indien 'n maatskappy 'n hoë of buitengewoon hoë groeikoers vir agtereenvolgende jare het, dit hom meer op risiko plaas om gedenoteer te word of die slagoffer van 'n besigheid-samevoeging te word.

Deur die rollende gemiddelde jaarlikse groeikoerse vir 'n 1-jaar, 'n 5-jaar en 'n 10-jaar tydperk vanaf 1974 tot 2002 te bereken, is vasgestel dat die 1-jaar groeikoerse heelwat meer varieer as die 5- en die 10-jaar groeikoerse. 'n Skaal is ontwikkel waarvolgens die groeikoerse gekategoriseer word.

Daar is bevind dat die persentasie maatskappye wat jaarliks bo-mediaan groei in verkope behaal vir 'n agtereenvolgende aantal jare vanaf twee tot tien jaar, hoër is as die waarskynlikheid daarvoor bereken ingevolge die binomiaal-verdeling.

'n Verdere bevinding was dat, vir maatskappye wat reeds vir twee agtereenvolgende jare 'n buitengewoon hoë groeikoers behaal het, die persentasie maatskappye wat in die jaar daarná weer buitengewoon hoog groei, hoër was as die verwagte waarskynlikheid. Die persentasie sodanige maatskappye wat in die jaar daarná genoteer is of nie verder in dieselfde struktuur voortbestaan het nie, was egter ook hoër as die verwagte waarskynlikheid.

---



**Ms Adelle Wiese's** article "Accounting for goodwill: the transition from amortisation to impairment – an impact assessment" was published in volume 13(1) of the accredited journal *Meditari*.

The Financial Accounting Standards Board (FASB) in the United States of America sparked an international debate during 2001 when it adopted *SFAS 142*, thereby replacing the existing requirement to amortise goodwill with an impairment testing approach. This change resulted in the accounting for goodwill arising from an acquisition taking a radical step into a new direction. The International Accounting Standards Board (IASB), seeking international convergence and global harmonisation, also implemented this change when it issued *IFRS 3* in 2004.

The research on which the paper was based was undertaken to examine these two very different accounting practices for the treatment of goodwill and to assess the possible impact that a transition from the one to the other may have on financial accounting.

---

'n Lys met die name en kontakbesonderhede van personeel verskyn op die Departement se webblad, www.sun.ac.za/accounting. Akademiese personeellede se navorsingsaktiwiteite en -belangstellings word daar aangedui.


LDP
loubser du plessis ing/inc

**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS & OUDITEURE**
**BESTUURS- & FINANSIËLE ADVISEURS**

**Oplossings vir medium en klein besighede en hoë inkomste individue.**

Met 'n organisasie van meer as 100 personeel in Stellenbosch, Bellville, Vredenburg en Mosselbaai, fokus die LDP Groep op finansiële dienste vir medium en klein sake-entiteite asook hoë inkomste individue. Met 17 gekwalifiseerde rekenmeesters en welbekende belastingkundiges het die LDP groep self, met assosiate waar nodig, reeds die spesialisvermoë om oplossings vir u besigheids- en finansiële sake daar te stel. Lidmaatskap aan die toonaangewende internasionale assosiasie Polaris met kantore in 74 lande bied verder vir LDP se kliënte toegang tot internasionale kundigheid. LDP bied 'n volledige spektrum van finansiële dienste en oplossings aan:

- Oudit-, belasting en rekeningkundige dienste
- Boekhoudienste
- Boedel, aftrede-, belasting en finansiële beplanning
- Internasionale belastingbeplanning en transaksies
- Bestuursadvies, rekenaarouditering en inligtingstelsels
- Waardasies, herstrukturerings, oornames en amalgamasies
- Stigting en administrasie van Trusts, Maatskappye en Beslote Korporasies
- Gestruktureerde finansiering, eiendomstrukturering en finansieringsaansoeke

Ons streef daarna om aan ons kliënte 'n hoogs professionele en koste-effektiewe diens op 'n persoonlike basis te lewer.

Kontakbesonderhede: De Waterkant Gebou, Helderbergstraat 10, Stellenbosch
Posbus 920, Stellenbosch, 7599
Tel: 021 – 888 5600 Faks: 021 – 888 5697/8
e-pos: info@ldp.co.za Webblad: www.ldp.co.za



**Prof Pierre Olivier** het in 2004 saam met me Ilanie Durand 'n geakkrediteerde artikel in volume 12(2) van *Meditari* gepubliseer, getiteld "Die rekeningkundige verantwoording van skripdividend-skemas in Suid-Afrika".
Scrip dividends have become increasingly popular in South Africa since the introduction of secondary tax on companies (STC) in the 1993 budget.
To date there is no accounting standard in South Africa that prescribes a particular accounting treatment for scrip dividends; therefore, different accounting approaches are used in South Africa to account for scrip dividends. These different approaches do not always meet the substance over form principle, as required by Generally Accepted Accounting Practice (GAAP). The result is that the information disclosed to the users of the financial statements differs from company to company.
The study proposes an accounting treatment for scrip dividend schemes in South Africa. It concludes that the reinvestment approach is the most acceptable accounting treatment for scrip dividend schemes in South Africa.

*Prof Pierre Olivier is in 2004 deur personeel herkies tot voorsitter van die Departement.*

---



**Me Anna-Retha van der Merwe** het in samewerking met prof Pierre Olivier en me Ilanie Durand 'n artikel gepubliseer met die titel "Die openbaarmaking van skripdividend-skemas in Suid-Afrika". Dit het in volume 12(2) van die geakkrediteerde tydskrf *Meditari* verskyn.
Hierdie artikel is 'n opvolg op die artikel "Die rekeningkundige verantwoording van skripdividend-skemas in Suid-Afrika".
The article proposes disclosure regarding scrip dividend schemes that will provide relevant information to the users of financial statements and ensure that recognition and disclosure of scrip dividends in financial statements of South African companies will be comparable. The proposed disclosure is based on the assumption that entities recognise and measure scrip dividends in accordance with the re-investment method, as opposed to the capitalisation issue method.

---



**Mr Stiaan Lamprecht** published an accredited article entitled "Hacker risk in e-commerce systems with specific reference to the disclosure of confidential information" in the *South African Journal of Information Management* , volume 6(4).
Many businesses have started engaging in electronic transactions in a Web-centric environment. This includes various parties, such as the e-commerce company, its client and a bank. Confidentiality and security are two of the essential building blocks in merging the business processes of this extended enterprise with the supporting technological processes, which further adds to the complexity of the Web-centric environment. Despite having security policies and procedures in place to control access to database information, unauthorized intrusion still occurs. The objective of the study was to identify the main hacker risks and to address them by identifying the components of control that should be in place to prevent such risks. Microsoft's SQL Server was chosen as an example of a database system that is used to manage confidential information. It is suggested that the best way to reduce hacker intrusion risks to an acceptable level is to implement a three-level control system. This system should firstly include a control framework with control objectives to manage systems, business risks and internal controls, secondly a control model for the design, implementation and maintenance of the risk management system, and thirdly appropriate preventative, detective and remedial control techniques to address the stated business and control objectives.

---



**Ms Shelley-Anne Roos** published an accredited article in *Southern African Business Review*, volume 9(2), entitled "Involving the management accountant in external reporting to prevent corporate accounting scandals".
The role of the professional management accountant is moving ever further away from "number-crunching" and performing accounting duties that mostly require technical skills, while increasingly emphasising strategic business accounting and internal corporate consulting. The management accountant can now become involved in the external reporting of information that ideally ought to form part of corporate reporting in order to assist in the prevention of corporate accounting scandals. The reporting of forward-looking information, quantitative non-financial and qualitative information, as well as broader stakeholder information, already forms part of the internal reporting duties of management accountants in most corporations. This, coupled with their evolving role, places management accountants in an ideal position to participate in the external reporting of such information and to thereby play a pivotal part in the prevention of corporate accounting scandals.

---

*Hierdie bladsy is geborg deur:* MOORE STEPHENS VDA
CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)



**Prof Pieter von Wielligh** doen navorsing oor ouditaspekte van Suid-Afrikaanse langtermynversekeringsmaatskappye. As PhD-student aan die US is sy navorsing reeds in 'n gevorderde stadium en hy beoog om sy studie teen die einde van 2005 te voltooi. Die titel van sy proefskrif is "The development of a best practice framework for the formulation of overall audit strategies for insurance contracts and related earnings of listed South African long-term insurers".

Gegrond op bogenoemde navorsing het hy in Junie 2005 'n referaat getiteld "The incorporation of actuarial expertise into overall audit strategies for listed South African long-term insurers" by 'n mini-kongres van die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging gelewer. Hy werk tans aan verskeie verdere navorsings- en populêre artikels uit sy doktorale navorsing, insluitend 'n artikel getiteld "Qualitative designs in empirical auditing research: a case study" waarin hy die geskiktheid van kwalitatiewe navorsingsontwerpe vir navorsing in Ouditkunde en verwante velde ondersoek, asook 'n artikel getiteld "A study of the application of materiality in audits of listed South African long-term insurers".

Op grond van hierdie navorsing is hy deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters genader om 'n sleutelrol te speel in die hersiening van bestaande Suid-Afrikaanse ouditriglyne vir langtermynversekeraars.

Verder het hy die afgelope jaar saam met 'n magisterstudent aan wie hy studieleiding verskaf het, 'n artikel getiteld "Financial reporting by South African long-term insurers: a comparative study" wat vir publikasie in die 2005-uitgawe van die geakkrediteerde vaktydskrif *Meditari* aanvaar is, geskryf.

Hy is ook die skrywer van twee artikels wat die afgelope jaar in die populêre rekeningkundige tydskrif *Accountancy SA* verskyn het, naamlik: "To test or not to test: internal control audit strategies" (Maart 2005-uitgawe), en "Insurance audits: are they really that difficult?" (Augustus 2005-uitgawe).

*Prof Pieter von Wielligh is onlangs aangestel as ouditkomiteelid van die maatskappy USB Bestuursontwikkeling Bpk, 'n geassosieerde maatskappy van die US.*

---



**Ms Rika Butler's accredited** article "B2B suppliers: addressing the repudiation of orders in an open account system" was published in volume 12(2) of *Meditari*, 2004.

Suppliers suffer losses when customers repudiate B2B order transactions in open account systems. Appropriate internal control measures should be implemented to address repudiation. According to the King Report on Corporate Governance for South Africa (2002), the responsibility for internal control lies with the management of a company. The article aims to assist management in reducing the risk of repudiation to an acceptable level, by providing a framework of recommended internal control measures. The framework was compiled after considering:

- Requirements in the Electronic Communications and Transactions Act that make digital contracts valid.
- Existing control frameworks, control objectives and internal control measures addressed by COBIT® and AICPA/CICA's Trust Services Principles and Criteria.

Ms Butler also published an article "Avoid the hook in the phisherman's bait" in *Accountancy SA* in August 2005, and she presented a paper on the topic at the SAAA mini-conference (see p8). After submitting a paper on the same topic to an accredited journal, she was invited to present a paper entitled "An investigation of 'phishing' to develop guidelines to protect the Internet consumer's identity against attacks by phishers" at the 7th Annual Conference on World Wide Web Applications. The event took place in August 2005 at the Cape Town International Convention Centre.

*Ms Rika Butler was promoted to senior lecturer in 2004.*

---



**Prof Linda van Schalkwyk** is co-authoring a new edition of the textbook "Silke: South African Income Tax". She has also published two articles in volume 12(2) of the accredited journal *Meditari*.

In "The discretionary powers of the Commissioner for the South African Revenue Service – are they constitutional?" she examines the meaning, purpose, types, extent and exercise of the discretionary powers of the Commissioner. She investigates the constitutionality of these powers in light of a taxpayer's right to just administrative action.

In her other article, "Constitutionality and the Income Tax Act – revisited", Prof Van Schalkwyk follows up on the progress in amending the provisions of the Income Tax Act that were questioned by the Katz Commission in 1994 regarding their constitutionality. She also establishes reasons for the lack of success achieved by taxpayers who attack the constitutionality of certain provisions.



The hottest CMAs in town.

**Chartered Management Accountant 2005**

No-one shines brighter in business than a CIMA qualified manager. Because we educate in financial management, management accounting and business management, we pack in more management content and more strategy than any other accounting qualification. It is easy to see why we seem to have all the bright sparks. You can benefit from our registered learnerships.

CIMA - Chartered Institute of Management Accountants.
Tel: (011) 268 2555 Fax: (011) 268 2556 email: johannesburg@cimaglobal.com
website: www.cimaglobal.com

CIMA